

8 Augustus

Skrifgedeelte: Hosea 11 en Lukas 15

Fokusgedeelte: Hosea 11:4 en Lukas 15:17

“Maar hy het tot homself gekom ...”

Israel se jeug

Israel is uit Egipte uitgelei en die Here het soos ‘n liefdevolle Vader sy seun in die woestyn gedra en versorg – tot in die beloofde land.

Israel se diens

Vers 4 van Hosea 11 lui: “Ek het hulle met sorg en liefde gelei, Ek was vir hulle soos iemand wat die juk oplig as dit sy trekdier skaaf. Ek het na Efraim toe afgebuk en hom gereeld kos gegee ...” Die Here Jesus roep ons ook uitnodigend toe om sy juk op ons te neem, want dit is sag en lig. Eers is ons kinders en geniet die sorgelose dae van die jeug, maar dan word ons manne en vroue om te dien. Ons moet die juk van Jesus opneem.

Israel se ellende

Soos die verlore seun het Israel die versorgende beskerming van sy vaderhuis verlaat en ‘n ver land met vreemde mense gaan opsoek. Uiteindelik beland hy op die peule van sonde en verlatenheid. Israel word in ballingskap weggevoer. So kom ons, kinders van die Here, in ons lewe ook soms tereg in ‘n geestelike verlatenheid. In die woorde van die Dordtse Leerreëls verloor jy dan vir ‘n tyd lank die besef van die genade van die Here.

Israel se terugkeer

God se liefde, sy genade roep sy dwalende kind weer terug na Hom toe (Hosea 11:8): “Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar Israel?” Die verlore seun “kom tot homself” en keer terug na die vaderhuis. ‘n Feesmaal word vir hom aangerig. So bied die Here vir ons onder andere by die Nagmaal ‘n fees van die brood en drank van die ewige lewe.

Is Israel se ervaringe ook deel van ons lewenservaring?

Ds NJ van der Walt (Brits)